STELLASTRAAT BLITSNUUS – 17 April 2020

Goeie dag,

IS DIT NET 'N DROOM? WAT HET ONS WAT KAN HELP?

Wat is besig om met ons te gebeur? Is dit net 'n droom? Gaan die COVID-19-virus ons nog verder in ons skuilplekke injaag of gaan hy tou opgooi in die lig van alles wat die mensdom teen hom beplan? Ons het reeds skade as gevolg van die virus se toetrede tot ons leefwêreld en ons het geen idee wat in die volgende paar weke gaan gebeur nie.

Wat het ons wat kan help? Ons is bevoorreg om nog in goeie omstandighede te woon en alle lewensmiddele tot ons beskikking te kan hê. Ons kan die virus op 'n manier ook systap. Die wete help reeds baie. Maar nog belangriker is dat ons mekaar het. 'n Gemeente vol omgee-mense. Mense wat oor mekaar besorg is en wat ook besorg is oor die swaarkry-mense.

Ons het 'n gemeente vol mense wat lankal onder die besef is dat hulle die hande en voete van Jesus is. Ons het so baie om voor dankbaar te wees! Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

EREDIENSTE SONDAG 19 APRIL

Ons is baie dankbaar vir Maricus en Bambie wat met wonderlike musiek begelei het in die vorige eredienste wat opgeneem is. Baie dankie vir Immanuel wat die opnames gemaak het en ook vir die redigering verantwoordelik was. Hierdie opnames was voor die grendeltyd gedoen. Sedertdien kan ons nie van kundige hulp gebruik maak nie en gaan ons as leraars poog om die opnames by ons huise te doen. Ons besef dat niks die geloofsfamilie se samekoms kan vervang nie.

Hier is die skakels vir Sondag se eredienste:

- **Oggenddiens** (Anton) https://www.youtube.com/watch?v=nhzjRvP-8V4
    - Die tema is "Voel jy soms of die Here te vêr is?" (Prediker 1:14)

- **Adoramus** (Willem) http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-19-April-2020.pdf
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die oggenddiens tema gaan: .
    - Gesels as gesin met mekaar oor hoe raak die grendeltyd ons belewenis van God? Watter vrae oor God kom by jou op as jy oor die pandemie dink?

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL

Die uitreikbediening het hierdie week die voorreg gehad om maskers by Huis HJ Piek aftree oord en Jakaranda kinderhuis af te laai. Ons is dankbaar teenoor ons span

naaldwerksters wat binne vyf dae eenhonderd ordentlike drie-laag maskers van digte katoen, met 'n filterlagie in die middel, gemaak het. Marlene het laat weet dat die manne van Huis 8 'mal' is oor hulle maskers. Loer gerus na die gemeente se Instagram of Facebookblad vir foto's van hierdie projek. Dankie ook aan diegene wat hierdie projek met skenkings ondersteun het. Sou jy hierdie of ander uitreik projekte tydens die pandemie wil ondersteun kontak gerus vir Fay. Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak merk asseblief jou inbetaling as 'uitreik covid'.

BRIEF NAMENS DIE KERKRAAD

Die kerkraad het op 15 April 2020 via epos-kommunikasie 'n brief goedgekeur wat ons graag aan die gemeente wil stuur (sien Aanhangsel). Hierin wil ons graag die gemeente inlig oor hoe die pandemie die gemeente raak. Kontak asseblief enige van die leraars as jy enige vrae het.

ONS BID VIR

- Jan Groenewald van Milnerstraat 397 worstel nog met die COVID 19 virus.
- Leon Herbst van Mainstraat 237 is weer tuis maar is baie siek.
- Riaan Meyer van Mckenziestraat 441 het sy arm gebreek, is geopereer en sterk tuis aan.
- At Dreyer van Firwoodlaan 31 is in die Urologiese hospitaal.

- Leonie van As van Newlandspark Aftree-Oord 42 met die afsterwe van haar man Jurie.

VERJAARSDAE (19-25 April)

- **Sondag 19 April**: Hannes Beukes, Zettie Campher, Francois Castelyn, Adelynn du Preez, Nico Erasmus, Maryke Janse van Rensburg, Alida Jonker, Pieter Swanepoel, Luan Swart, Mienke van Zyl.
- **Maandag 20 April:** Kiara du Preez, Emile Fourie, Marina Heyns, Leonie Matthysen, Donald Oosthuizen, Ashley Swanepoel, Floris Venter.
- **Dinsdag 21 April**: Pieter Greyling, Susan Jordaan, Nadine Kruger, Izelle le Grange, Charlotte Lewington, Anje Maritz, Marinda Minnie, Heinrich Regenass, Nikolai Ruttkamp, Johan Smith, Lené van Staden, Marzel van Zyl, Natasha Wilken.
- **Woensdag 22 April**: Jaco Bester, Dian de la Port, Louis Grobler, Petrus Hoffman, André Myburgh, Gerda Richards, Dewald Steyn, Adriaan Swanepoel, Bokkie van der Merwe.
- **Donderdag 23 April:** Anke Basson, Cecile Bekker, Nadia Heydenrych, Inge Jansen, Annalie Louw, Cecile Louw, Reinhardt Lüderitz, Nicola Swart, Regardt van der Vyver, Danie van Schoor.
- **Vrydag 24 April:** Jacobus Solomon Bouwer, Henkie Gerber, Carli Gloy, Wihann Joubert, Karien Louw, Ronel Mayhew, Gertruida Mentz, Sarah Nieuwoudt, Petro Roux, Herman van der Neut.
- **Saterdag 25 April**: Kian Barnard, Rina Kriek, Johannes Lamprecht, Ian Loots, Neil-John Lord, Pauline Maritz, Mickayla Nel, Dennis Roodt, Enrico Sciocatti, Johan Steyn, Roelof van der Merwe, Louis Wolfaardt, Ferdi Zondagh.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die eredienste op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

STELLASTRAATGROETE